INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bron nr. 0 1 9 1 | Datum 9 8 0 8 2 3 2 3 5 | Onderwerp nr. / | Knipsel nr. 3 1 8 5

Rapport Jg. 28 Nr. 31 P. 10 Dat. 23 AUG 1998

# Publiek gaan opdok vir Cosatu-planne

**Deur HENNIE DUVENHAGE: Kaapstad**

IN reaksie op die sakesektor se voorstel vir 'n fonds van R1 miljard om werk te skep, het Cosatu vorendag gekom met 21 programme waarby miljarde rande betrokke is. Belastingbetalers en die private sektor sal die groot bydraers hiertoe wees.

Die programme sluit onder meer in dat miljoen huise gebou word wat aan mense verhuur kan word, die opgradering van die land se infrastruktuur, jeugbrigades, meer poste in die staatsdiens, korter werksure sodat meer mense in diens geneem kan word en 'n onderhoudstoelae aan almal wat nie werk het nie.

Cosatu het in sy voorlegging nie 'n aanduiding gegee van die totale koste van dié en ander projekte wat hulle in die vooruitsig stel nie, maar die bedrae wat wel genoem word kom naby aan R100 miljard. Die finansiering hiervan sal hoofsaaklik kom van belastingbetalers en die private sektor.

Vir die finansiering van die behuisingsprojek word daar staat gemaak op geld uit die staatskas, 'n belastingheffing van 5% op die sakesektor en 'n verpligte belegging deur die versekerings- en pensioenfondse van 5% van hul fondse in die projek.

Die infrastruktuur moet ook uit die behuisingsprojek gefinansier word met addisionele geld uit die staatskas terwyl die Umsobomvu-fonds en die staatskas ook die jaarlikse R2,4 miljard vir die jeugbrigade moet verskaf.

Daar word nie gesê wie moet betaal vir die uitbreiding van die staatsdiens en die gevolge van minder werksure nie (die werkers sê nie of hulle sal instem tot salarisvermindering sodat meer mense in diens geneem kan word nie), maar die onderhoudstoelae aan mense wat nie werk nie, sal deur die mense in die hoër inkomstegroepe gefinansier moet word.

Ander bronne van inkomste wat Cosatu in die oog het, is dat almal in die land die waarde van een dag se salaris aan die projek afstaan, die Sasria-fonds en die geld waaroor instansies soos die NOK, die Ontwikkelingsbank en die RGN beskik.

Cosatu stel weer eens voor dat die staatsdiens se pensioenfondse verander word sodat die staat se skuld teenoor die fondse kwytgeskeld kan word, sowel as 'n reeks ander heffings.

Dit is opvallend dat daar nêrens in die Cosatu-dokument na privatisering verwys word nie. Daar word wel probeer om binnelandse beleggings te bevorder, maar geen woord word gerep oor die verkryging van buitelandse kapitaal nie.

Cosatu vra voorts dat daar opnuut gekyk moet word na tariefverlagings en vra dat die Regering dié tariewe wat tans laer is as die vereistes wat die Wêreld-Handelsorganisasie stel, dadelik verhoog moet word.

Cosatu dring ook aan dat die werkskeppingsberaad debat moet voer oor die land se makro-ekonomiese strategie (Gear) en dat verskille wat daar tussen die deelnemende partye hieroor is, ná die beraad uitgepluis moet word. Dit is in teenstelling met die regering se voorneme om nie sy strategie op die debatstafel te plaas nie.

TREFWOORDE
1 Sake Rapport
2 Duvenhage Hennie
3 Cosatu
4 voorstelle
5 Programme
6 werkskepping
7 Gear
8 beraad
9 koste
10 Belastingbetalers